Die kandidaat moet beskrywende of verhalende opstel skryf waarin hy/sy vertel van sy/haar skooluitstappie saam met 'n onderwyser.

- Die opstel moet in die verlede tyd wees.
- Die belangrikste elemente kan die volgende wees

  - Wie almal saam was.
  - Waarheen hulle was.
  - Wat hulle op die dag geleer het.
  - Of hy/sy ander leerlinge sal aanraai om ook te gaan.

**[40]**

**1.3 MY TOEKOMSDROOM**

Die kandidaat moet beskrywende of verhalende opstel skryf waarin hy/sy vertel van sy/haar toekomsdroom.

- Die opstel kan in die teenwoordige of toekomende tyd wees.
- Die belangrikste elemente kan die volgende wees

  - Watter beroep hy/sy wil volg.
  - Wat die beroep behels.
  - Waar hy/sy gaan studeer.
  - Hoekom hy/sy die beroep gekies het.

**[40]**

:

1.4 **'n TALENTKOMPETISIE**

Die kandidaat moet beskrywende of verhalende opstel skryf waarin hy/sy vertel van 'n talentkompetisie waarin hy/sy deelgeneem het.

- Die opstel moet in die verlede tyd wees.
- Die belangrikste elemente kan die volgende wees

  - Watter kompetisie dit was.
  - Hoekom hy/sy deelgeneem het.
  - Watter pryse hy/sy gewen het.
  - Hoe sy/hy gevoel het toe sy/hy wen. **[40]**

1.5 **PRENTE**

1.5.1–1.5.4• Die opstel kan verhalend of beskrywend wees.

- Kandidate se eie gepaste interpretasie van prente word aanvaar.
- Die kandidaat moet die opstel 'n titel gee.
- Die kandidaat se opstel moet direk by die prent aansluit.
- Let daarop dat 'n prent ook figuurlik geïnterpreteer kan word.
- Die prent kan beskryf word of iets uit die kern van die prent kan 'n storie begin.

**[40]**

- Die kandidaat moet TIEN reëls opstel om dissipline te verbeter.
- Indien die kandidaat minder as 10 reëls skryf, moet die getal woorde 50-80 wees.
- Wat doen hy/sy in die klas doen.
- Hoe hy/sy hersiening doen.
- Watter raad het hy/sy het oor tydsbestuur.
- Gee raad oor studiemetodes.
- Dit kan reëls oor die volgende sake insluit:
  bv.
  - Let op in die klas.
  - Doen jou huiswerk.
  - Maak notas terwyl die onderwyser praat.
  - Werk ou vraestelle uit.
  - Doen elke middag hersiening.
  - Bestuur jou tyd reg.
  - Vorm studiegroepe.

**FORMAAT:**

- Die reëls moet puntsgewys neergeskryf word.

**STYL:**

- Die taal en styl moet by die reëls pas.
- Die lengte van die skryfstuk moet korrek wees.

**VOORBEELD:**

**TIEN REËLS VIR GOEIE DISSIPLINE:**

1. Doen elke dag jou huiswerk
2. Let op in die klas
3. .
4.
5.
6.
7.
8.
9.
10.

**[20]**

3.2 **ADVERTENSIE**

**FOKUS: (OPDRAG)**

Die kandidaat moet ʼn advertensie skryf om sy/haar donkie te adverteer wat hy/sy wil verkoop.

| VOORBEELD: | |
|---|---|
| **Pragtige jong donkie te koop!!!**<br>Baie sterk. Nog al sy tande!<br>Wil jy:<br>• Goed rond ry?<br>• Dorp toe gaan?<br>• Soek jy 'n ryding?<br>Dan is my donkie net wat jy benodig. | *Wat?* |
| Kontak my: Broertjie de Preez | *Wie?* |
| Plaas: A223 | *Waar?* |
| Prys: Net R 1000<br>SPOTGOEDKOOP | Prys? |
| (telefoonnommer) skakel om meer oor die donkie uit te vind.<br>Ek het ook 'n karretjie. | *Ekstra inligting* |

**[20]**

3.3 **RIGTINGAANWYSINGS**

**FOKUS: (OPDRAG)**

Die kandidaat moet rigting aanwysings aan sy maat gee oor hoe om van die skool af na die kandidaat se huis te loop.

**VEREISTES VIR HIERDIE SKRYFSTUK:**

- Getal woorde: 50-80 woorde.
- Nie alle aanwysings hoef met 'n werkwoord te begin nie.
- Die kandidaat moet slordige taal, slengwoorde en sms-taal vermy.

